Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Tak: Kurrikulum- en Assesseringsbestuur

Verwysing: 20201027-9093
Lêerno.: 12/2/11/5/2
Navrae: A Du Toit

Kurrikulum- en Assesseringsbestuursminuut: 0008/2020

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van primêre en gekombineerde skole

Onderwerp: Voorsiening van onderrig- en assesseringsplanne vir graad R

1. Doeltreffende onderrig begin met goeie beplanning wat as 'n raamwerk dien vir:
   - die onderwyser om betrokke te raak by pedagogieë wat leerdergesentreerd, georganiseerd en reflektief is, en
   - 'n skoolbestuurspan (SBS) om kontinuïteit en progressie van kennis, vaardighede en verwante houdings en waardes deur grade/fases heen te verseker, asook assessering wat bewys van sterk en swak punte en die volgende stappe in onderrig en leer lewer.

2. Ter ondersteuning hiervan het senior kurrikulumbeplanners en vakadviseurs onderrig- en assesseringsplanne vir elke vak en elke graad ontwikkel. Die planne is in ooreenstemming met die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring asook die onlangse wysigings aan die vereistes vir skoolgebaseerde assessering (SGA). Die graad 1- tot 12-planne is in Januarie 2020 via Omsendbrief 0002/2020 van 31 Januarie 2020 aan skole gestuur.

3. Die senior kurrikulumbeplanners en vakadviseurs in die grondslagfase het nou ook onderrig- en assesseringsplanne vir graad R ontwikkel vir implementering in Januarie 2021.

Laer Parlementstraat, Kaapstad, 8001
Tel: +27 21 467 2172 Faks: +27 86 458 5715
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X9114, Kaapstad, 8000
Indiensnemings en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

4. Daar word van alle onderwysers verwag om te hou by die ooreengekome skoolbeplanning vir elke vak in elke graad en fase. Die onderrig- en assesseringsplanne moet ook deur die SBS gebruik word om die gehalte van onderrig in elke klaskamer te ondersteun en te verbeter deur te help met:
   - die keuse van gepaste hulpbronne en/of bykomende leeraktiwiteite,
   - die advisering van onderwysers oor die vooraf-kennis wat op spesifieke vakonderwerpe betrekking het,
   - die integrasie van inligtings- en kommunikasietegnologie om onderrig te verbeter en leer te versterk,
   - die monitering en nasporing van die persentasie van die kurrikulum wat gedek is en in watter mate die SGA voltooi is.

5. Duidelike onderrig- en assesseringsplanne en die versekering dat doeltreffende monitering en ondersteuning deel van die skoolkultuur is, sal help om die visie van die Wes-Kaap Onderwysdepartement: gehalte-onderrig vir elke kind, in elke klaskamer, in elke skool, in die provinsie te verwesenlik. Namate beplanning vir die gebruik van vernuwende onderrigstrategieë en oorspronklike assesseringsaktiwiteite verbeter, sal dit help om pret en genot in die onderrig en leer terug te bring.

6. Prinsipale word versoek om hierdie onderrig- en assesseringsplanne aan alle onderwysers/ praktisyns in graad R te verskaf, en om hulle te ondersteun (met behulp van die SBS) in die implementering van hul kwartaal- en jaarplanne. Daar word verwag dat die prinsipaal as die onderrigleier van die skool hierdie dokumente en prosedures met die SBS en onderwysers sal bemiddel. Deur gereelde refleksie, óf as individuele onderwysers, óf as 'n vakspan, sal skole in staat gestel word om die gehalte van onderrig te verbeter. Prinsipale word voorts aangemoedig om die implementering van hierdie planne te monitor deur dit gereeld op die agenda van personeelvergaderings te plaas.

7. Toegang tot die onderrig- en assesseringsplanne kan via die skakels wat in Bylae A voorsien word, verkry word.

8. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle onderwysers/praktisyns in graad R en departementshoofde in die grondslagfase te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2020-11-05